**24 Mei 2020** **Vreesloos 4: Wat as ek God teleurstel?**

**Oomblik van Stilte – God is hier teenwoordig**

| | |
|---|---|
| 14 | Vertrou op die Here! Wees sterk en hou goeie moed! Ja, vertrou op die Here! |

**Seën**

Vriende en familie die GENADE van die Here Jesus Christus, die LIEFDE van God, en die SAGTE HAND van sy Gees, sal met elkeen van ons wees. Amen!

**Oorsig**

Donderdagoggend het ons gesels oor die een vrees wat sin maak: vrees vir God. Ons probeer God in boksies sit, maar hoe groter God is, hoe kleiner ons vrese.

Vrydagoggend het ons die verhaal gelees van Jesus wat die storm stilmaak. Vrees maak dat ons nie op God vertrou nie, maar sekuriteit aanbid. Tog is dit die opdrag wat Jesus die meeste gee (meer as die opdragte tot liefde): moenie bang wees nie.

Saterdagoggend het ons gesê dat ons almal wil voel dat ons maak saak. Tog het ons die gevoel dat ons nie saak maak, nie liefde werd is nie – ons het die beeld van die vyfde mossie gebruik. Dis 'n selfvervullende profesie. Ons het waarde by God! God gee vir ons genoeg om – hy tel selfs die hare op ons kop.

**Skriflesing**

Matteus 9:1-8

| | |
|---|---|
| 1 | Jesus het toe in die skuit geklim, die see oorgesteek en in sy eie dorp aangekom. |
| 2 | Daar het hulle 'n verlamde man wat bedlêend was, na Hom toe gebring. Toe Jesus hulle geloof sien, sê Hy vir die verlamde: “Vriend, wees gerus; jou sondes word vergewe.” |
| 3 | Party van die skrifgeleerdes het by hulleself gesê: “Hy praat godslasterlik.” |

| | |
|---|---|
| 4 | Maar Jesus het geweet wat hulle dink, en Hy sê vir hulle: "Waarom het julle sulke slegte gedagtes in julle harte? |
| 5 | Wat is makliker? Om te sê: 'Jou sondes word vergewe,' of om te sê: 'Staan op en loop'? |
| 6 | Maar Ek gaan nou vir julle die bewys lewer dat die Seun van die mens volmag het om op aarde sondes te vergewe." Hy sê toe vir die verlamde man: "Staan op, vat jou draagbaar en gaan huis toe." |
| 7 | Hy het opgestaan en huis toe gegaan; |
| 8 | en toe die menigte mense dit sien, het hulle God, wat sulke mag aan mense gee, met eerbiedige vrees geprys |

**Preek**

Die vrees waaroor ons vanoggend gesels, is die vrees dat ek God teleur sal stel. Want ons almal, almal, is sondaars. Ons doen goed verkeerd. Dalk daardie een groot ding in jou verlede wat by jou spook, maar elke dag vind ons nuwe maniere uit om God teleur te stel. Soms raak daardie vrees dat ons God teleurstel, dat ons sonde net te groot of te veel is, so groot dat dit tussen ons en God gaan staan.

Ons probleem is dat ons eintlik oortuig is dat God se genade perke het. Of "moet hê".

Genade kan nie 'n bodemlose put wees nie. Jy kan dieselfde fout net soveel keer maak, net soveel keer vir dieselfde ding vergewe word.

- Iewers moet dit ophou.
- Dis natuurlik van die kragtigste wapens in die vyand se arsenaal:
- om ons te oortuig dat ons sonde té veel is,
- dat God iewers genoeg gaan hê van ons nonsens,
- dat hy iewers gaan ophou vergewe en sê: "Nou het ek genoeg gehad".

Dat ons begin glo ons kan té sondig kan wees, té lank volhard, té veel keer vergewe word, dat God se genade iewers 'n streep gaan trek en sê: "nou het Ek genoeg gehad".

As ons dit glo, verdoem dit ons tot 'n lewe van vrees.

Ons begin so dink oor God.

- Ons leef ons lewens sodat ons tog net nie verkeerde of ‘n ou foutjie maak nie.
- Nie uit liefde vir God of uit 'n verstaan van die vryheid wat God in liefde vir ons gee nie, maar uit vrees vir straf.
- Vrees dat God se genade vir jou en my sal ophou.

Ons dink: in hierdie lewe moet jy heeltyd in jou spoor trap.

En as daar dan droogte kom, of siekte of een of ander ongeluk, dan dink ons dit is God wat besig is om ons te straf.

Dis nie die vrees vir die Here waarvan ons Donderdagoggend gepraat het nie. Dit is 'n patologiese vrees dat ons God gaan teleurstel, dat God se genade iewers gaan ophou vir ons.

In vanoggend se teks sê Jesus: *“Vriend, wees gerus; jou sondes word vergewe.”* Daar staan eintlik: hou moed. Wees dapper.

- Jesus praat hier met 'n verlamde man.
- Hy kon nie beweeg nie.
- Maar hy het goeie vriende gehad!
- Vriende wat hom vat om Jesus te sien.
- Tog lyk die kanse nie goed nie.
- Soos Markus hierdie storie vertel, is daar nie plek vir 'n muis om by die deur in te gaan nie, wat nog te sê 'n man met 'n bed en vier vriende!
- So sy vriende maak 'n plan: hulle breek die dak bo Jesus oop en laat hom afsak na Jesus.

Wanneer mens hierdie lees dan kan mens jou self indink dat meeste huis-eienaars nie baie gelukkig sal wees as jy hulle dak afbreek nie…

- Maar weereens sien ons Jesus tree anders op! radikaal anders.
- Jy kan amper vir Jesus sien glimlag!
- Jesus seën nog voordat enige iets gevra is. “Hou moed, seun. Jou sonde is vergewe.”

Ons sou verwag dat Jesus sal sê:

- "Hou moed!
- Jou bene is genees!
- Jy kan weer loop!"
- Maar Jesus gee vergifnis voordat hy bene gee.
- Want dit is ons eintlike siekte wat genesing nodig het,
- ons eintlike vrees: **dat ons God sal faal.**

Dink aan Adam en Eva in die paradys. Hulle lewe sonder vrees. Dan neem hulle die vrug en eet. **Onmiddellik is hulle bang**. **Bang vir God**. "*Ek het u hoor wandel in die tuin en ek het bang geword*" (Gen. 3:10)

**Ek glo dat vrees en sonde is pasmaats**.

- vrees maak dat ons sonde doen.
- ons sonde lei tot vrees.
- En die sonde-vrees maak dat ons vir God wegkruip

Alles om vir God te vermy, sodat God ons nie in ons naaktheid, met, al ons sonde, moet sien nie. Want sekerlik gaan God ons net een kyk gee en sê: "Nee. Jammer, genoeg gehad van jou nonsens. "

Maar wanneer jy lam van jou mislukkings voor Jesus lê, dan sê hy nie "Sies, hoe kon jy?" nie. Hy sê: "Hou moed. Jou sonde is vergewe."

| | |
|---|---|
| 13 | Hy het ons uit die mag van die duisternis weggeruk en ons onder die heerskappy gestel van sy Seun wat Hy liefhet. |
| 14 | Deur die Seun het ons die verlossing verkry, die vergewing van ons sondes. |
| 15 | Die Seun is die beeld van God, van God wat self nie gesien kan word nie. Die Seun is die Eerste, verhewe bo die hele skepping |

Johannes 3:18 *sê "Wie in Hom glo, word nie veroordeel nie"*

Niks, maar niks, kan God se genade opgebruik nie. God sal nooit, maar nooit ooit ooit vir jou sê: "genoeg!" nie. Daar is altyd nog kanse. Daar is altyd genade. Altyd liefde. Hieroor hoef jy nooit te twyfel nie. Jy kan bang wees vir allerhande goed. Baie

van ons vrese maak sin en hou ons veilig.  Maar hierdie vrees is onsin – die vrees dat God sal sê: “genoeg!”  Die vrees dat jy vir God sal teleurstel.

**1 Joh. 4:18 *Waar liefde is, is daar geen vrees nie, maar volmaakte liefde verdryf vrees, want vrees verwag straf, en wie nog vrees, het nie volmaakte liefde nie.***

Donderdagaand het ons gesê vrees vir die Here is goed.

- Maar dis nie bang wees nie.
- Jy hoef nie bang te wees vir God,
- bang te wees dat hy hom teleur gaan stel nie,
- dat jy nie goed genoeg is,
- of dat sy geduld met jou gaan opraak nie,
- of jy die eindpunt van sy genade gaan bereik nie.
- God is genadig.
- Oorvloedig genadig.
- Daar is genoeg genade, ook vir jou.
- En as jy dit verstaan, hoef jy nie bang te wees nie.
- Jy kan vry leef, met vrymoedigheid leef, liefde leef

Jesus het jou straf aan die kruis gedra.  Dis gedoen.  Aan die kruis het Jesus gesê dit is volbring! Wat beteken

Niks kan jou so vry laat vlieg, soos 'n helder verstaan van God se genade nie.  As jy nog nie daardie genade aanvaar het nie, wil ek jou regtig aanmoedig: doen dit!  Steek jou hand uit en ontvang God se genade in Christus!

**1 Joh. 1:9 *Maar as ons ons sondes bely—Hy is getrou en regverdig, Hy vergewe ons ons sondes en reinig ons van alle ongeregtigheid.***

En as jy God se vergifnis ontvang het – leef vergewe!  Wanneer Jesus jou vrymaak, is jy vry.

Moenie wag tot jy vergewe voel nie.  Glo, weet: jy is vergewe.  En sweef!  God se vangnet is sterk.  Jy is veilig in God se hande.

**Gebed**

Onse Vader wat in die hemele is, laat U Naam geheilig word. Laat U koninkryk kom. Laat U wil geskied, soos in die hemel net so ook op die aarde. Gee ons vandag ons daaglikse brood, En vergeef ons ons skulde, soos ons ook ons skuldenaars vergewe en lei ons nie in versoeking nie, maar verlos ons van die Bose. Want aan U behoort die koninkryk en die krag en die heerlikheid tot in ewigheid. Amen

**Seën:**

Mag die Here ons seën en ons beskerm; mag die Here tot ons reddingverskyn en ons genadig wees; mag die Here ons gebede verhoor en aan ons vrede gee".

**Slotsang - My pa is die koning - Barend**